
# 467 Van alles wat ek het, o Heer




Die gawes wat ek bring, o Heer, is ook my pyn en smart.
Ook die lê ek nou voor U neer met hoop vervulde hart.
Want U kan selfs die diepste vrees my angs gevulde nag
in helder daglig weer omskep en hoop laat reën, so sag.

Dus bring ek ook my kruise, Heer, my lyf, my hart, gemoed,
en lê my hele lewe neer as offergawe soet.
Aan U wy ek my dag, my nag, my vrese, al my hoop,
aan U kom toe my werk, my lag, my strewe, selfs my dood!

Onbekend — Mainz Gesangboek (1833)